



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE 2014
ASSESSERINGSRIGLYNE
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 5**

INLEIDING

Die 2014-siklus van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA 2014) sal toegepas word in alle publieke en aanbevole onafhanklike skole in September 2014. Gedurende hierdie periode sal alle leerders in Grade 1- 9 toetse in Taal en Wiskunde skryf en die uitslae sal gebruik word om te kyk of die doelwitte wat daargestel is, bereik is soos uiteengesit in die “*Aksieplan 2014 Gerig op 2025.*”

Aangesien leerders die JNA toets in die derde kwartaal skryf, voorsien die Departement van Basiese Onderwys assesseringsriglyne wat as gids vir elke graad en vak dien en die minimum kurrikuluminhoud aandui wat deur leerders gedek moet word voor die toetse geskryf word. Die assesseringsriglyne dui die omvang aan van die werk wat deur die toets gedek sal word.

INTERMEDIËRE FASE

In Grade 4 – 6 sal die toetse die werk dek wat deur die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) voorgeskryf word vir die eerste drie kwartale. Die Assesseringsriglyne is in drie kolomme gerangskik: Algemene Vaardighede, Inhoud en Spesifieke Vaardighede.

Dit is belangrik om daarop te let dat die 2014 Assesseringsriglyne ‘n basiese minimum aandui en nie impliseer dat hierdie beperkte spesifikasie alles insluit wat in hierdie jaar geleer moet word nie.

Onderwysers moet heirdie riglyne saam met ander onderwys hulpmiddels gebruik.

¹ “Aanbevole” onafhanklike skole is dié wat aansoek doen om en registreer vir deelname aan die JNA van hul Graad 3 óf 6 leerders om sodoende hul Staatsubsidie te verseker.

Vaardighede	Inhoud	Strategieë en sub-vaardighede
LEES & KYK	Lees `n koerantberig	<p>Pre-lees: maak voorspellings wat op die opskrif gebaseer is:</p> <p>Gebruik `n reeks leesstrategieë: vluglees, soeklees, kontekstuele leidrade en vorige kennis</p> <p>Maak voorspellings en afleidings deur gebruik te maak van kontekstuele leidrade</p> <p>Identifiseer ooreenkomste en verskille van iets</p> <p>Bespreek nuwe woordeskat uit die gelese teks</p>
	Gedig	<p>Pre-lees: voorspelling van titel</p> <p>Identifiseer rym, alliterasie en klanknabootsing en hulle gevolge</p> <p>Identifiseer en verduidelik vergelykings en metafore</p> <p>Bespreek nuwe woordeskat uit die gelese teks</p> <p>Gebruik `n woordeboek</p>
	Lees `n verslag met hulpmiddels (bv.tabelle / kaarte / grafiese voorstellings)	<p>Pre-lees: maak voorspellings wat op titel, opskrifte en prente gebaseer is.</p> <ul style="list-style-type: none"> •Bespreek sentrale idee en spesifieke besonderhede •Lewer kommentaar op die keuse van prente in teks •Gebruik leesstrategieë bv.maak voorspellings en gebruik tekstuele en kontekstuele leidrade • Deel idees en gee opinies wat op spekulasie en veronderstellings berus • Gebruik `n kopkaart of notas om inligting op te som • Gebruik `n woordeboek vir woordeskat-ontwikkeling <p>Pre-lees: maak voorspellings wat op titel, opskrifte en prente gebaseer is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik leesstrategieë , maak voorspellings, gebruik klank en kontekstuele leidrade; voorspel die einde • Identifiseer rym en ritme en die effek daarvan • Druk gevoelens en opinies uit • Bring met eie ervaring in verband

<p>TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES</p>		<p>VOEGWOORDE Gebruik voegwoorde om sinne en frases aan mekaar te las, bv. en Gebruik voegwoorde om kontras uit te beeld, bv. maar Gebruik voegwoorde om `n rede aan te dui, bv. omdat of want</p> <p>SINSTRUKTURE Stel eenvoudige sinne saam Gebruik vraagsinne, bv. wie, wat, wanneer, watter, hoekom, hoe Gebruik direkte rede Begin om indirekte rede te gebruik</p> <p>PUNKTUASIE Hoofletters, punte, kommas, vraagtekens. Gebruik hoofletters vir voornaamwoorde, titels en voorletters van mense Gebruik kommas om opeenvolgende selfstandige naamwoorde te skei Gebruik aanhalingstekens vir direkte rede</p> <p>WOORDESKATONTWIKKELING Begin om te verstaan en te gebruik: - Sinonieme (woorde met dieselfde betekenis bv. vinnig/spoedig) - Antonieme (woorde met teenoorgestelde betekenis bv. hard/sag) - Homonieme (woorde wat dieselfde uitgespreek en gespel word, maar wat in betekenis verskil, bv. leer/leer) • Verkorting van woorde bv. televisie/TV en hy` t • Afkortings – akronieme, bv. VIGS; verkorting van woorde, bv. Des. en Di.; foon – telefoon</p> <p>SPELLING EN SPELREËLS Lees eie werk oor en maak spelfoute reg.</p>
---	--	--

SKRYF		SPELREËLS Gebruik van spelreëls: <ul style="list-style-type: none"> • Voeg 'n –s by om 'n meervoud te vorm, bv. seun - seuns • Voeg 'n –e by om 'n meervoud te vorm, bv. perd - perd
	Woorde skryf, bv. woordelyste <ul style="list-style-type: none"> • Sinne skryf • Paragraawe skryf 	Skryf instruksies / aanwysings bv. hoe om 'n toebroodjie te maak <ul style="list-style-type: none"> • Selekteer relevante inligting • Gebruik korrekte spesifieke besonderhede • Gebruik korrekte volgorde • Gebruik korrekte formaat Gebruik die bevelvorm van die werkwoord en die imperatiewe vorm <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie Gebruik die stappe van die skryfproses <ul style="list-style-type: none"> • Beplanning / pre-skryf • Eerste weergawe • Hersiening • Redigering • Proeflees, en • Aanbieding